Dink voor jy ink

Was jy al ooit in die versoeking om 'n tatoeëermerk te kry?
Dink aan die volgende voordat jy enigiets doen:

WAT DINK JY?

Wat dink jy van tatoeëermerke?

- **Altyd aanvaarbaar**
- **Nooit aanvaarbaar nie**
- **Dit hang af wat die doel/boodskap is**
- **Dit hang af waar dit op jou lyf is**
- **Dit hang af hoe groot dit is**

jw.org © 2016 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania

REDENEER OOR DIE SKRIF

Ek wil ’n tatoeëermerk hê want _____

Dis gewild;
almal doen dit!

Teks: “Julle mag geen snye in julle vlees maak vir ’n afgestorwe siel nie, en julle mag geen tatoeëermerke op julle aanbring nie.” **—Levitikus 19:28.**

WAAR OF ONWAAR: Hierdie wet wat aan die Israeliete gegee is, is bindend vir Christene.

Antwoord:
ONWAAR.

Christene is nie meer onder die Mosaïese Wet nie (Hebreërs 7:18-22). Maar Levitikus 19:28 gee ons insig in God se denkwyse. Mense van die nasies rondom Israel het hulle vel gemerk met die name of simbole van hulle gode.

Waarom dink jy wou God nie hê dat die Israeliete tatoeëermerke moet kry nie?

Onder watter omstandighede sou ’n tatoeëermerk beslis vir ’n Christen onaanvaarbaar wees?

jw.org © 2016 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania

Dis net ’n positiewe boodskap, en dit help my om iemand te onthou vir wie ek lief is.

Teks: “Die hele Skrif is deur God geïnspireer en is nuttig om te onderrig, om tereg te wys, om dinge reg te stel, om in regverdigheid te dissiplineer, sodat die mens van God volkome bevoeg kan wees, ten volle toegerus vir elke goeie werk.” **—2 Timoteus 3:16, 17.**

Teks: “Hy wat diep kyk in die volmaakte wet wat tot vryheid behoort en daarby bly, hy sal, omdat hy nie ’n vergeetagtige hoorder nie maar ’n dader van die werk geword het, gelukkig wees deurdat hy dit doen.”**—Jakobus 1:25.**

Dink jy dat ’n positiewe boodskap—soos ’n Skriftuurlike gedagte—’n gepaste tatoeëermerk sal wees?

- ◯ **Ja, want** _____
- ◯ **Nee, want** _____

Wat is in werklikheid die beste manier om Skriftuurlike gebooie en beginsels te onthou?

_____

_____

_____

Wat is beter maniere waarop ons diegene vir wie ons lief is, kan onthou?

_____

_____

_____

“Hoe sal jy voel as jy vir iemand ’n mooi geskenk gee en daardie persoon skryf met ’n merkpen oral daarop? Dit is seker hoe die Skepper voel as ons ’n tatoeëermerk kry.” **—Anna.**

jw.org © 2016 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania

Teks: “Laat julle versiering nie dié wees van uiterlike haarvlegtery en van die omhang van goue sierade of die dra van boklere nie, maar laat dit die geheime persoon van die hart in die onverderflike versiering van die stille en sagmoedige gees wees, wat in die oë van God van groot waarde is.”—**1 Petrus 3:3, 4.**

Teks: “En wat anders vra Jehovah van jou terug as om geregtigheid te beoefen en goedhartigheid lief te hê en beskeie te wandel met jou God?”—**Miga 6:8.**

Waarom dink jy heg die Bybel soveel waarde aan beskeidenheid?

Watter uitwerking kan jou voorkoms op ander hê?

DIE PUBLIEK Lees 2 Korintiërs 6:3.	JOU VRIENDE Lees 1 Korintiërs 10:31-33.	JOU GOD Lees Romeine 12:1.
Waarom maak dit saak wat ander van jou dink?	**Watter uitwerking kan dit op ander hê as jy ’n tatoeëermerk kry?**	**Waarom maak die manier waarop jy jou liggaam behandel, vir God saak?**

jw.org © 2016 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania